Dinsdag 1 Desember
Skrifgedeelte: Josua 1:1-9
Fokusgedeelte: Josua 1:9

## Wees sterk en vasberade tot God in voortdurende gehoorsaamheid!

Die Israeliete het tot nou nog net vir Moses geken. Met 'n menslike leiersfiguur wat jou nog altyd só bygestaan het, is dit vanselfsprekend dat daar dan twyfel en kommer sou insluip oor God se beloftes van 'n beloofde land. Die Israeliete kon baie maklik begin vreesbevange raak oor hulle toekoms, maar so ook Josua in sy nuwe rol. Tog kom wys die Here steeds sy trou en liefde aan beide. Hy bevestig sy trou en liefde juis aan Israel deur 'n nuwe leier. Nie alleen bevestig en versterk die Here sy onderhouding van die verbond aan die volk nie, maar ook aan Josua. Wat 'n kragtige woord dat God dit nog later ook bevestig (vs 9). Vanuit hierdie trou en liefde kan daar nie gevrees word nie, maar juis sterk en vasberade wees. Dit bevestig dat ons geloof nie op menslike vermoë nie, maar op die belofte en voortdurende versorging van God berus.

Uiteindelik sien ons ook so Christus, die volmaakte Leier wat ons ook in die belofde land inneem, want in Hom vind ons die ware verowering van sonde en dood, wat ons ook toerus om nie bang te wees nie, nie te vrees nie. Sonder Hom val ons; met Hom is ons onoorwinlik. Sy volmaaktheid word ons regverdigheid, aangesien Hy die wet vervul het wat Josua en Israel moes gehoorsaam.

Hierdie onwankelbare waarborg rus op die werking van die Heilige Gees ook in hulle en ons eie lewe. Die Gees versterk ons om die Woord in ons hart te bêre, soos God opdrag gegee het, juis sodat ons versterk kan wees en nie bang nie. Só word gehoorsaamheid nie 'n plig nie, maar 'n vrug van vertroue op die liefde en trou wat die Here beloof. Daarom kan ons in 'n wêreld vol onsekerheid en angs vrede vind deur gehoorsaamheid aan Christus en die leiding van die Heilige Gees en weet God se liefde en trou sal altyd skyn. Wees daarom sterk en vasberade.

*Sing: Psalm 119-1:13, 15 (tweede melodie)*
*Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)*